

CATZ

1 Samuel 16:1-13

wat wil jy vandag bereik?

Samuel ('n profeet) kry die opdrag om Israel se nuwe koning te salf.

(Iemand word gesalf wanneer daar olie op hulle voorkop gegooi word. Die teken bevestig dat die persoon deur God gekies word om die nuwe koning te wees.)

Die storie vertel hoe God se keuse soms anders is as wat mense verwag. God kyk anders na mense.

God kyk verby die uiterlike. Hy sien raak wat mense nie kan sien.

ons storie: ysbreker (hier en nou)

Julle groep word gevra om 'n nuwe president vir Namibië te kies.

Wat sal vir julle die belangrikste oorweging wees wanneer julle so 'n besluit moet maak?

Persoonlikheid, karakter, geleerdheid, ondervinding, status, geloof?

Kyk of julle kan besluit op so 4 tot 5 kenmerke wat die president van 'n land behoort te hê.

GOD se storie

wat sê die Bybel (daar en dan)

Lees 1 Samuel 16:1-13 saam. Elkeen kan dit later weer op hul eie lees. Gesels dan oor die volgende:

■ Noem enige iets uit die gedeelte wat jou geraak het. Of enige vrae wat jy nou het.

■ Belangrik: Toe Samuel oppad was om Israel se nuwe koning te salf, was Saul nog koning.

■ Samuel was bang dat Saul uitvind hy is oppad om 'n nuwe koning te salf.

■ Watter plan gee God vir Samuel?

erosCATZ

(Gr.7-10)



Herinner almal weer waarom **Koninkrykstyf** gaan met van die simbole van verlede week – ons vier Jesus se heerskappy in die wêreld (**kroon**) en ons word as dissipels (**plakkies**) uitgestuur na die wêreld (**aardbol**).

Biddag vir Jeug en Kategese (13 Junie).

word stil

As julle tyd het, lees gerus Psalm 20.

Dawid is hier aan die woord. Hy verwys na homself as gesalfde (iemand deur God gekies).

Dawid weet: hy regeer omdat God so besluit het.

Lees weer 1 Sam 16:7

■ Watter les wil God vir Samuel leer?

■ Waarvoor sou jy wonder en hoe sou jy voel as daar verskillende goeie opsies verby kom, maar God kies nie een van hulle nie?

■ Isai het 8 seuns gehad en geweet God gaan een van hulle kies as die volgende koning van Israel.

In watter volgorde het hy gekies om hulle voor Samuel te laat verby gaan OF hoe dink jy sou hy kies wie eerste verby kom?

■ Let op: Isai het nie eens sy jongste Dawid genooi na die geleentheid nie, Dawid was buite besig toe Samuel na sy broers kyk.

Hoe sou jy voel OF wat sal jy sê as jou jongste broer of suster gekies word as koning?

ons nuwe storie

Hoe ons nuut, dink, doen en leef
in die wêreld rondom ons. Verder en Voor

Wat leer jy hier oor God?

God kies jou. God kies ons. Hy glo in ons.

Glo jy dat God jou wil gebruik?

Waarvoor kies God jou?

bid vir mekaar

Ons bid vir mekaar.

Ons bid dat God ons oë sal oopmaak om te kyk soos Hy.

Ons bid dat ons onself en ander sien soos Hy ons sien.

Mag God ons gebruik.



Is daar enige iets waarvoor die groep vir jou kan bid?

Onthou julle nog die ABC van gebed?

Aanbidding

"Here, ek aanbid U, want..."

Belydenis

"Here, vergewe my vir..."

Voorbidding

"Ek bid vandag vir..."

Danksegging

"Dankie, vir..."

Eie behoeftes en toewyding

"Here, help my om..."

Om iemand op sy of haar naam te noem, het praktiese implikasies:
Dis al wat God van ons vra - kyk na ander mense soos Hy na hulle
kyk - Dis die implikasie van 1 Sam 16:7- dit gee aan elke
Jesusvolgeling Jesus-oë- sagte oë.

Sit jou God-bril elke dag op en jy sal verbaas wees hoe goed ander
mense skielik lyk.

Soek vir die goeie in ander mense, oorlaai hulle met die goeie en
moet hulle nie kwaad aandoen nie...dit is die Jesus-manier!

Daarom leef jou mooiste naam wat jy kan dra Christen – na
Christus. Dit sê jy kies God!

Die Noussnit (die Denzel Washington video) som eintlik die hele
Dawid storie op. Speel dit en sluit af met hierdie bekende storie:

Alexander die Grote, een van die beste generaals en leiers wat
daar was, hy het feitlik die destydse bekende wêreld verower.
Een nag, tydens een van sy veldtogte, kon hy nie slaap nie en
hy het in die kamp rondgeloop.

Terwyl hy so rondloop, kom hy af op 'n soldaat wat op
wagdiens slaap. Dit was in daardie tyd 'n ernstige oortreding,
doodstraf was jou voorland. Die soldaat het wakker geword
toe Alexander die Grote voor hom staan. Die jong man het
gevrees vir sy lewe veral toe hy besef wie voor hom staan.

"Weet jy wat die straf vir jou oortreding is?"

"Ja Generaal"

"Soldaat, wat is jou naam?" het Alexander die Grote ferm
gevra. "Alexander, generaal".

Alexander die Grote het die vraag herhaal: "Wat is jou
naam?"

"My naam is Alexander, generaal"

Vir die derde keer het Alexander die Grote gevra: "Wat is
jou naam?"

'n Derde maal het die soldaat geantwoord: "Generaal, my
naam is Alexander"

Alexander die Grote het hom in die oë gekyk en met groot
erns gepraat: "Soldaat, óf jy verander jou naam óf jy
verander jou houding".

As 'n dissipel moet jy besef jou gehoorsaamheid wys vir ander hoe
jy voel oor Christenskap... eintlik ten diepste hoe jy voel oor
Christus, want Christen is afgelei van Christus. Dit is die grootste
naam wat jy dra...

Sondag, 13 Junie 2021 **Biddag vir Jeug en Kategese**
Staan in die skoene van 'n kind...

My naam is

Ek is
jaar oud.

Ek hou van

Ek is goed met

Bid asb. vir my vir

Die Here kyk nie na dieselfde dinge as die mens nie. Die mens kyk na die uiterlike, maar die Here na die innerlike.
1 Sam 16: 7b

